



Alles ten goede ...!

Skrifgedeelte: Romeine 8:18-30

Fokusgedeelte: Romeine 8:28 (1983-vertaling)

Ons bestaan op aarde loop op twee bene: die "nog nie" en die "reeds". Die "nog nie" vertel van "lyding" (vs 18) en "verydeling", die gebrokenheid en verganklikheid, die sinloosheid (vs 23) van die aardse bestaan.

Die "reeds" vertel van die sekerheid wat gelowiges binne hierdie gebroke bestaan het. Die "nog nie" laat ons sug ... en hunker na bevryding (vs 23-24)! Die "reeds" laat ons jubel van sekerheid en verwagting ... en van afwagting!

Dis binne hierdie konteks dat Romeine 8:28 jubel: Ons weet dat God alles ten goede laat meewerk vir dié wat Hom liefhet, dié wat volgens sy besluit geroep is. Dis met hierdie belofte van God dat gelowiges geleef kry te midde van die sugte (versugtinge) van die "nog nie"! Dis egter nie 'n versterking vir enigeen wat een of ander aardse droom vir sy/haar eie lewe waar wil hê nie. Dis 'n belofte aan dié wat die Here God liefhet. Dis 'n versekering aan gelowiges wat in lojaliteit en toewyding – oorgegewe – aan die Here leef. Dis bedoel vir die mense wat hulle hele lewe in Jesus Christus soek. Die Een wat ons weer met die Vader

versoen het. Dis gebou op 'n liefdesverhouding tussen 'n kind en sy Vader wat die kind met volle vertroue vervul dat sy Vader alles, ook die slegte dinge, onder sy sorg het en tot sy kind se beswil sal laat meewerk. Slegs hulle kan "weet dat God alles ten goede laat meewerk ..."

Wat hierdie "ten goede" is, moet ons tog nie gaan inperk binne die grense van menslike verwagtings, vermoëns en begeertes nie. God se "ten goede" vir ons is meer en groter as ons eie drome hieroor. Vir jou "ten goede" is die volledige waarword van God se genadewerk in jou lewe, wat uiteindelik daarop moet uitloop dat jy in God se heerlikheid deel (vs 30)!

En, sê vers 30, hierdie heerlikheid is verlede tyd in God se oë, al lê dit nog in die toekoms! So seker is dit! Wat 'n heerlike manier om in die "nog nie"-bedeling te leef. Swaarkry kan nie God se genadewerk in jou lewe stuit nie ... dit kan dit eerder nog sekerder maak!



Publikasie
Publication



Nr./No.: H01